Ark Blitz

Is jy 'n skakel ?

Liewe Ouers

Die dele van God se plan pas inmekaar soos die skakels van 'n ketting. Hy het Sy Cool Plan met Abraham begin, en dit toe voortgesit in Abraham se seun Isak. Al gebruik God mense, is Hy steeds in beheer van alles. Vandag kyk ons hoe Abraham se slaaf en Rebekka deel vorm van God se plan.

Les 20 - PLANDRAERS IS AFHANKLIK VAN GOD

Maats lees: Eksodus

Terwyl ons Abraham se verhaal gelees het, was ons die hele tyd bewus van die vraag: "Gaan Abraham vir God glo?". Uiteindelik het Abraham op God vertrou. Abraham het begin bekommerd raak. Hy was al 'n baie ou man. Hy het God se beloftes geglo dat hy 'n groot nageslag sal hê. Die probleem is net dat Isak nog nie getroud was nie. Daarom is daar nog nie sprake van kinders en kleinkinders en uiteindelik 'n groot nageslag nie. Abraham bedink toe 'n slim plan. Onthou dat Abraham vir God eerste gestel het en dat God se plan nie sonder mense werk nie. God gebruik ook mense se gesonde verstand sodat mense self planne kan maak. Abraham roep sy hoofdienaar en laat hom belowe dat hy sal toesien dat Isak nie met 'n meisie uit Kanaän sal trou nie. Hierdie slaaf moes teruggaan na die land van die Galdeërs om daar vir Isak 'n vrou te gaan soek, omdat die mense van Kanaän ander gode dien as die ware God waarin Abraham glo. Dit was nie in daardie tyd vreemd dat 'n pa vir sy seun 'n vrou soek nie. Trou was amper soos 'n sake transaksie tussen families. Die meeste van die tyd het die man en vrou eers na die tyd vir mekaar lief geraak. Vandag raak ons eers lief en trou dan. Die slaaf het biddend die baie vêr reis na die land van die Galdeërs onderneem. Vir hom was dit belangrik om Abraham se opdrag te gehoorsaam en dat die vrou spesiaal deur God vir Isak uitgesoek is. Die slaaf het God se leiding benodig. Hy het gebid: "Here, God van Abraham wie se slaaf ek is, laat daar vandag iets met my gebeur; betoon tog trou aan my eienaar Abraham. Hier staan ek by die fontein waar die jong meisies van die stad sal kom water skep. As ek vir die meisie vra: hou tog die waterkruik dat ek kan drink en sy antwoord: Drink gerus en ek sal jou kamele ook water gee, dan is dit sy wat deur U uitgekies is vir die u dienaar, Isak en dan sal ek weet dat U trou betoon aan my eienaar. Voor hy nog klaar gebid het, kom Rebekka met die waterkruik op haar skouer daar aan. Die slaaf het tot die Here gebid:" Aan die Here God van Abraham wie se slaaf ek is, kom die lof toe! Die Here het nie sy troue liefde aan my eienaar weerhou nie en het my reguit gelei na die huis van my eienaar se broer toe." Die slaaf het aan Rebekka geskenke gegee. Sy het reguit huis toe gehardloop en haar familie gaan vertel.

Laban, haar broer, het onmiddellik die dienaar gaan roep: "Kom saam! Jy is 'n man wat deur die Here geseën is." Die dienaar het eers alles aan Rebekka se familie herhaal wat Abraham gesê het. Toe antwoord Laban en Betuel: "Wat gebeur het, is van die Here. Rebekka is hier by jou. Vat haar saam en gaan terug. Sy moet die vrou word van jou eienaar se seun, Isak."

Toe die slaaf dit hoor het hy diep voor die Here gebuig. Die slaaf so bly, hy deel sommer geskenke uit aan Rebekka se familie. Dink net hoe verlig was hy dat alles so mooi uitgewerk het! Nou kan hy met vrymoedigheid teruggaan na Abraham toe. Hy het sy opdrag, met die hulp en leiding van God, goed uitgevoer. Die slaaf het alles aan Isak vertel en Isak het met Rebekka getrou. Toe kon daar 'n nageslag vir Abraham gebore word. Die plan pas soos 'n skakel van 'n ketting.